

## HOOFSTUK EEN

# VESTIGINGSPATRONE IN DIE OMSTREKE VAN SCHWEIZER-RENEKE TOT 1917

### 1.1 VROEË BEWONERS

Die eerste bewoners wat hulle in die omstreke van Schweizer-Reneke gevestig het, was die San. Hulle het Suid-Afrika reeds ongeveer 35 000 jaar gelede bewoon.<sup>1</sup> Volgens navorsing oor die San is hul plek van oorsprong waarskynlik die meergebiede van Sentraal-Afrika. Hiervandaan het die San suidwaarts in die rigting van die Weskus van Suid-Afrika tot in die Kaap migreer.<sup>2</sup>

Hierdie verhuisning van die San het hoofsaaklik in twee migrasiegroepe plaasgevind, naamlik dié van die Skilders (Painters) en Beeldhouers (Sculptors).<sup>3</sup> Die San wat die gebied bewoon het waar Schweizer-Reneke in 1888 gestig sou word, was waarskynlik afstammelinge van die Beeldhouer-San.<sup>4</sup>

Benewens die San het 'n ander bevolkingsgroep, naamlik die Khoikhoi, Suid-Afrika ongeveer 2000 jaar gelede binnegekom. Van die Khoikhoi wat hulle mettertyd in die Kaap gevestig het, was die Korannas<sup>5</sup> en Griekwas.<sup>6</sup> Tussen 1813 tot 1820 sou van die Korannagroepe, soos die Taaibosch-

<sup>1</sup> I. Schapera, *The Khoisan People of South Africa*, pp. 26-29.

<sup>2</sup> R. Elphick and H. Giliomee (reds.), *The shaping of South African society, 1652 - 1820*, p. 3.

<sup>3</sup> Die Skilders was grotbewoners wat in kleinerige groepe gewoon het. Hulle het ook graag die rotsskuilings, wat meer permanente wonings was, beskilder. Skildergroepe het hulle byvoorbeeld in die omgewing van huidige dorpe soos George, Cradock, Uitenhage en Victoria-Oos gevestig. Van hulle het ook die Transkeigebied binnegetrek en na die Stormberge en Bo-Oranjrivier beweeg.

In teenstelling met die Skilders het die Beeldhouers in groter groepe geleef, en hulle het tydelike skuilings gebruik wat maklik opgebreek kon word as daar agter die wild aan getrek moes word. Verder het die Beeldhouers gebiede met klipperige heuwels verkie en het die klippe en rotse gebruik vir beeldbou- en beitelwerk. Die Beeldhouergroepe het deur die meer sentrale gedeeltes van Suid-Afrika tot by die Vaalrivier beweeg. Hiervandaan het hulle versprei na die voormalige Griekwaland-Wes en die Vrystaat. Kyk G.W. Stow, *The native races of South Africa*, pp. 12-13.

<sup>4</sup> G.W. Stow, *The native races of South Africa*, pp. 4, 11-13.

<sup>5</sup> Daar word kennis geneem dat Koranna of Korana in die Afrikaanse Woordelys en Spekreëls as korrek beskou word.

<sup>6</sup> H.J. van Aswegen, *Geschiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 29; I. Schapera, *The Khoisan People of South Africa*, pp. 43-46; T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, fourth edition, pp. 3-5.

en Link-Korannas, vanaf die Kaap hulle ook in die huidige Schweizer-Reneke-omgewing vestig.

Swart groeperinge soos die Sotho, Nguni en Tsonga het oënskynlik die gebiede suid van die Vaalrivier gedurende die sewentiende eeu binnegetrek - min of meer dieselfde tyd wat die blanke volksplanting aan die Kaap begin het.<sup>7</sup> Dit was gebiede soos die huidige Mpumalanga en Noordelike Provinse waarheen die Nguni- en Tsongagroepe gedurende die 17de eeu versprei het. Die Wes- en Suid-Sotho, soos die Rolang, die Thlaping en die Taung, het gebiede soos die Noord-Kaap en die voormalige Wes-Transvaal bewoon.<sup>8</sup> Laasgenoemde het die gebied waar Schweizer-Reneke in 1888 gestig sou word, ingesluit.

## 1.2 DIE PAD VANAF DIE KAAP NA MAMUSA

Na die vestiging van die blankes aan die Kaap in 1652 het daar struwelinge tussen blankes, die Korannas en die Griekwas oor veral weivelde, grondregte en veehandel plaasgevind. Na die oorlog wat vanaf 1673 tot 1677 tussen die blankes en Korannas uitgebreek het, het laasgenoemde die Kaap verlaat.<sup>9</sup>

Die hoofgroep van die Korannas wat die Kaap verlaat het, het hoofsaaklik uit Taaibosch- en Link-Korannas bestaan.<sup>10</sup> Hulle het waarskynlik teen 1750 die Oranjerivier in die omgewing van Prieska bereik. Daar is met die rivier langs beweeg tot by die samevloeiing met die Vaalrivier. Die Korannas het die Oranjerivier tussen 1785 en 1790 oorgesteek.<sup>11</sup>

Na vele omswerwinge, en onder meer botsings met die Barolongs, het die Taaibosch- en Link-Korannas hulle saam by Taungs, in die omstreke van die huidige Schweizer-Reneke, gaan vestig.<sup>12</sup>

<sup>7</sup> T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, fourth edition, p. 5.

<sup>8</sup> Die Khoi- en die Bantoe-groepe het die San as die "lowest of the low" beskou, en die San se grondregte geïgnoreer. Hierdie houding van ander groepe teenoor die San het bygedra tot die feit dat die San-getalle reeds sterk verminder het met die kom van Jan van Riebeeck in 1625. G.W. Stow, *The native races of South Africa*, p. 31.

<sup>9</sup> H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp. 118-123; R. Elphick en H. Giliomee (reds.), 'n Samelewning in wording, pp. 11-27; H.J. van Aswegen, Grensverhoudinge in die Noordwestelike Transgariep: Die lotgevalle van die Kora (Korana) tot 1858", *Contree*, Mei 1993, pp. 19-26.

<sup>10</sup> Volgens oorlewing het 'n vrou tweelingseuns gehad. Die oudste seun van die tweeling se nakomelinge was die Groot, of Taaibosch, Koranna. Hierdie groep het die regterhandse gedeelte van die Koranna verteenwoordig, aangesien hulle van die eersgeborene afstam. Die jongste seun van die tweeling se nageslag was die Link-Koranna, wat op hulle beurt die linkerhandse gedeelte verteenwoordig het. Eersgenoemde (Taaibosch-Koranna) was bekend as die elitestam onder die Korannastamme. J.A. Engelbrecht, *The Korana*, pp. 24-25.

<sup>11</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 31.

<sup>12</sup> G.W. Stow, *The native races of South-Africa*, pp. 286-287, 298.

Onmin tussen die twee Korannagroepe het egter tot skeuring gelei. Gevolglik het Kaptein Rijt (Riet) Taaibosch en sy volgelinge hulle by Patuni, noordwes van die huidige Kuruman, gaan vestig. Die ander Koranna-opperhoof, Jan Taaibosch, en die res van die groep het in Taungs agter-gebly.<sup>13</sup>

### **1.3 MAMUSA - 'N HOLTE VIR DIE VOET**

Tussen 1813 en 1820 het die Taaibosch-Korannas van Patuni oor Kuruman na Mamusa<sup>14</sup> - die plek waar Schweizer-Reneke later as blanke dorp gestig sou word, getrek.<sup>15</sup> Met die Korannas se vestiging by Mamusa het daar onenigheid tussen Jan Taaibosch by Taungs en sy neef Kaptein Goliat Ysterbek ontstaan.

Na 'n neerlaag teen Ysterbek het Jan Taaibosch Taungs ontruim<sup>16</sup> en hom tydelik by Riet Taaibosch by Mamusa aangesluit.<sup>17</sup> Hierna het Jan Taaibosch met die grootste gedeelte van sy mense in die rigting van Korannaberg in die Vrystaat uitgewyk. Die lede van sy groep wat by Mamusa agtergebly het, is onder die beskerming van Riet Taaibosch geplaas.<sup>18</sup>

'n Tipe plaaslike bestuur is reeds in die twintigerjare van die negentiende eeu onder die Korannabewoners van Mamusa opgemerk. As Korannahoofman was Riet Taaibosch die eienaar van die Korannastamgrond by Mamusa. Mamusa was sy hoofkraal, terwyl 'n verskeidenheid krale oor die stamgrond versprei was.<sup>19</sup> Die krale was onder administratiewe beheer van onderhoofde of veldkornette, soos hulle ook genoem is.

<sup>13</sup> L.F. Maingard, *Studies in Korana history, customs and language: The problems - A glimpse into the present-day life of Korana*, Bantoe Studies, Desember 1932, p. 108.

<sup>14</sup> Die oorsprong van die naam Mamusa is nie duidelik nie. Daar kan bloot bespiegel word dat dit 'n samestelling en verbuiging van die woorde "Mansa Musa" kan wees. Mansa beteken koning en letterlik beteken dit Koning Musa. Koning Musa was 'n hooggeëerde Maliese heerser in Oos-Afrika wat vanaf 1312 tot 1337 geleef het. Kyk T.W. Wallbank, *Civilization: Past and Present*, vol. 1, pp. 364-365. 'n Ander moontlikheid is dat Mamusa afgelei kan word van die woord "Maamuse". Dit het die betekenis van die "drinkplek" of die "soogplek". Met Mamusa geleë langs die oewers van die Hartsrivier, pas die benaming. (Inligting verkry van dr. G. Vermeulen, Departement Afrikatale, PU vir CHO, April 1997.)



<sup>15</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, pp. 32-34.

<sup>16</sup> G.W. Stow, *The native races of South Africa*, pp. 300-301.


<sup>17</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 35.

<sup>18</sup> G.W. Stow, *The native races of South Africa*, p. 301.


<sup>19</sup> H.P. Maree, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke: 3 Oktober 1888 - 31 Desember 1969*, pp. 13-14.



**Foto's bo en regs:** Oorblyfsels van Korannakrale wat deel van die Korannas se hoofkraal by Mamusa uitgemaak het  
**(Bron:** Me. S.J. Bester)



**Foto's bo en volgende bladsy:** Korannagrafte op die terrein waar die Taaibosch-Koranna hulle hoofkraal by Mamusa gehad het  
**(Bron:** Me. S.J. Bester)



Saam met die hoofman het die onderhoofde 'n Raad gevorm. Die Raad het aan die hoofman advies verskaf en Raadslede kon ook besluite van die hoofman verwerp en opponeer.<sup>20</sup>

Dit is duidelik dat daar vele raakpunte tussen hierdie organisasiestruktuur en dié van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was. So byvoorbeeld was die Republiek in kiesdistrikte verdeel, en elkeen van die distrikte het 'n verteenwoordiger in die Volksraad gehad. Hierdie Raad het ook die President as die staatshoof in besluitneming en wetgewing bygestaan.<sup>21</sup>

Alhoewel die uitleg, ontwikkeling en uitbreiding van 'n Korannastat soos Mamusa volgens 'n vasgestelde patroon geskied het, was Mamusa nie in alle opsigte 'n tipiese Korannanederersetting nie. Hoofman Massouw Riet Taaibosch het meer as een hut in die kraal gehad. Hierdie hutte was ook nie op die tradisionele manier opgerig nie, aangesien van hulle met gebrande stene gebou was. Volgens die tradisionele manier is 'n raamwerk van buigsame latte gemaak en dan is dit met grasmatte bedek.<sup>22</sup> Die tegniek om gebrande stene te vervaardig, is waarskynlik deur die vroeë Londense sendelinge aan die Korannas oorgedra. Derhalwe moet daar eerder van "huise" as hutte gepraat word.<sup>23</sup>

Vanaf die laat 1810s was daar sterk en goeie handelsbande tussen die Korannas onderling en met ander groepe in die omstreke van Mamusa, byvoorbeeld die Thlaping en Taung. Mamusa was waarskynlik ook 'n plek waar handels- of ruiltransaksies plaasgevind het. Potte, lepels en assegaaie was van die produkte wat verhandel is. Daar was selfs 'n vasgestelde tarief waarteen die genoemde

<sup>20</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 89.

<sup>21</sup> J.J.N. Cloete, *Sentrale, regionale en plaaslike owerheidsinstellings van Suid-Afrika*, p. 12.

<sup>22</sup> J.A. Engelbrecht, *Die Koranna*, pp. 90-91.

<sup>23</sup> H.P. Maree, *Geskiedenis en ontwikkeling van Schweizer-Reneke: 3 Oktober 1881 - 31 Desember 1969*, p. 14.

goedere vir vee geruil is. Dit het beteken dat 'n spesifieke getal potte byvoorbeeld vir die toepaslike getal vee geruil kon word.<sup>24</sup>

#### 1.4 DIE DIFFAQANE-BEWEGING - 'N ONTWRIGHTING VIR DIE KORANNA

Die tydperk van die Korannas se vestiging by Mamusa gedurende die laat 1810s het saamgeval met die begin van die Difaqanebeweging - 'n tydperk waarin daar onderlinge uitdelgingsoorloë tussen die swart stamme in Suid-Afrika uitgebreek het. Hierin het Koning Shaka van die Zulu's en die Ndebele onder leiding van Kaptein Mzilikazi<sup>25</sup> die grootste rolle vertolk.<sup>26</sup>

Mzilikazi se Ndebele het ook ontwrigting in

Mzilikazi van die Ndebele (Bron: *Kennis*, vol. 14, p. 2760)

die lewe van die Taaibosch-Korannas by Mamusa tot gevolg gehad. Alhoewel Riet Taaibosch nie deur Mzilikazi onderwerp is nie, is hulle nogtans genoodsaak om Mamusa ter wille van hulle eie veiligheid by tye te verlaat. So byvoorbeeld het Riet Taaibosch en sy mense hulle in 1829 by Sendelingsfontein (tussen die huidige Klerksdorp en Wolmaransstad) gaan vestig. Nadat dit gedurende die vroeë 1830s weer veilig was, het die Taaibosch-Korannas na Mamusa teruggekeer.<sup>27</sup>



#### 1.5 SENDINGBEDRYWIGHEDE

Voor die Difaqane-beweging het die Londense Sendinggenootskap 'n sendingstasie by Kuruman gevestig.<sup>28</sup> In die vroeë 1830s het die Franse Sendinggenootskap ook 'n sendingstasie by Molito gestig.<sup>29</sup> Hierdie twee sendingstasies was naby mekaar geleë en die sendelinge het die Koranna-

<sup>24</sup> L.F. Maingard, *Studies in Korana history...*, pp. 116-117.

<sup>25</sup> Mzilikazi was een van Shaka se kapteins. Hy het na 'n rooflog van die buit vir homself gehou. Shaka het opdrag gegee dat hy gestraf moes word. Hy het gevlug en sy volgeling het bekend gestaan as die Ndebele. Kyk H.M. Hole, *The passing of the black kings*, pp. 13, 32-35.

<sup>26</sup> T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, fourth edition, pp. 13-17.

<sup>27</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 35.

<sup>28</sup> Gedurende 1816 is die eerste sendelinge by Kuruman aangestel. In Mei 1920 het die sendeling Robert Moffet in sy werkzaamhede by die sendingstasie begin. T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, fourth edition, p. 177.

<sup>29</sup> H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 255.



Robert Moffat wat as sendeling onder die Koranna by Mamusa gearbei het (Bron: W. Metz, *Alles oor Suid-Afrika*, p. 38)

gemeenskap by Mamusa bearbei. Die afstand tussen Kuruman en Mamusa het 'n reis van vyf dae per ry-os beteken. Die feit dat so 'n lang en uitputtende reis redelik gereeld onderneem is, is 'n bewys van die goeie verhouding tussen die Korannas en die sendelinge. Dit is ook 'n barometer van die ontvanklikheid vir die Verlossings-evangelie by Mamusa se mense, en die entoesiasme waarmee die werk van die sendelinge ontvang is.

Aangesien die afstand die werk van die sendelinge bemoeilik het, is die bearbeiding van die Mamusagemeenskap teen 1845 aan die Paryse Sendelinge van Motito oorgelaat.<sup>30</sup> Die kerkdienste wat deur die Franse sendelinge by Mamusa gehou is, is baie goed bygewoon. So het P. Lemue, die Franse sendeling by Motito, in 1845 berig dat 'n groep van 250 Korannas na hom kom luister het.<sup>31</sup>

Onder aanmoediging en leiding van die sendelinge is daar 'n rietkerkje en skooltjie by Mamusa opgerig. Die skooltjie en kerklike aktiwiteite was grootliks onder beheer van Kaptein Riet Taaibosch se broer, Andries Massouw.<sup>32</sup> Teen 1846 het die gemeente by Mamusa tussen 200 en 300 siele getel.<sup>33</sup> Die Paryse Sendelinggenootskap het gevolglik besluit om 'n sendingstasie daar te stig. In 1846 het Mamusa egter ander inwoners gekry, naamlik die Thlaping van Taungs. Die onveiligheid en onsekerheid wat die situasie meegebring het, was egter die oorsaak dat die plan vir 'n sendingstasie laat vaar is.<sup>34</sup>

## 1.6 MAMUSA KRY NUWE INWONERS

By Taungs waar die Thlaping-hoofman, Mahura, sy hoofkraal gehad het, is 'n weidingstekort in die middel van die 1840s ondervind. Noodgedwonge het hy en die grootste gedeelte van sy groep hulle ook by Mamusa gaan vestig.<sup>35</sup> Hierdie saamwonery het net probleme vir die Taaibosch-Korannas meegebring. Behalwe dat die Thlaping klaarblyklik van die Koranna-vee gesteel het, het hulle ook die gebied om Mamusa geplunder. Mahura het ook die hele gebied om die Hartsrivier as sy

<sup>30</sup> R. Moffat, *Missionary labours and scenes in southern Africa*, pp. 387-389, 395-396.

<sup>31</sup> P. Lemue, Motito, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 21, p. 445.

<sup>32</sup> P. Lemue, Station de Motito: lettre de M. Lemue, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 20, pp. 289-290.

<sup>33</sup> P. Lemue, Motito, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 1846, pp. 44, 450.

<sup>34</sup> P. Lemue, Station de Motito: lettre de M. Lemue, sous la date du 15 septembre 1846, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 22, pp. 121-122.

<sup>35</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 35.

stamgebied aanvaar en homself as die Opperhoof van die Korannas beskou. Dit het andermaal wrywing tussen die twee groepe meegebring.

Massouw Riet Taaibosch en sy mense het in dieselfde jaar, 1846, Mamusa verlaat, en hulle tydelik by Sendelingsfontein en Jakkalsfontein (tussen die huidige Klerksdorp en Wolmaransstad) gevestig.<sup>36</sup> Gedurende hierdie tyd is die Taaibosch-Korannas van tyd tot tyd deur sendeling L.J. Crochet besoek. Tog blyk dit dat hierdie ontwerteling 'n letsel op die Korannas se godsdienstige belewing gelaat het.<sup>37</sup>

### 1.7 KORANNAS KEER TERUG NA MAMUSA

Nadat die weiding in Taungs genoegsaam verbeter het, het Mahura gedurende 1850 daarheen teruggekeer. Die Taaibosch-Korannas het die geleentheid aangegryp en Mamusa weer in 1850 betrek.<sup>38</sup> As gevolg van blanke boere se soeke na beter wei- en jagvelde was daar met die Korannas se terugkeer na Mamusa ook blankes in die omgewing (kyk afdeling 1.8).

Na Massouw Riet Taaibosch en sy mense se terugkeer na Mamusa, het die Franse sendeling J. Frédoux, hulle gedurende Maart 1854 besoek.<sup>39</sup> Aangesien die Paryse Sendinggenootskap nou die gereelde bediening van die Mamusagemeenskap hervat het, was daar weldra weer 'n godsdienstige herlewing in hulle geledere. Die ou kerkie is verbou en groter gemaak, en met Frédoux se besoek aan Mamusa in November 1859 is die oprigting van die kerk voltooi.<sup>40</sup>

Die positiewe houding van Kaptein Riet Taaibosch ten opsigte van die Christelike geloof en die sendelinge het vanselfsprekend 'n goeie invloed op die geestelike ontwikkeling van die Mamusa-inwoners gehad. Na sy dood op 11 Junie 1878<sup>41</sup> het die godsdienstige lewe aldaar egter begin kwyn. Sy seun en opvolger - Kaptein Dawid Massouw Taaibosch - het klaarblyklik nie so sterk daaroor gevoel nie.<sup>42</sup>

<sup>36</sup> Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Argief van die Staatsekretaris (SS), 468, R 4124/80: Getuienis van Massouw Riet Taaibosch, 1871, p. 38.

<sup>37</sup> P. Lemue, Station de Motito: lettre de M. Lemue, sous la date du 15 septembre 1846, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 22, p. 126.

<sup>38</sup> J.A. Engelbrecht, *The Korana*, p. 35.

<sup>39</sup> J. Frédoux, Station de Motito: lettre de M. Frédoux, sous ladate du 8 avril 1854, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 29, p. 427.

<sup>40</sup> J. Frédoux, Station de Motito: Journal d'un voyage a Mamousa, 6 aout-3 septembre, *Journal des Missions Evangeliques de Paris*, 1856, p. 173.

<sup>41</sup> W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, Vool. 2, pp. 462-463.

<sup>42</sup> M.M.B. Liebenberg, *Schweizer-Reneke*, p. 18.

## 1.8 BLANKE VESTIGING NABY MAMUSA - HANDELSBELANGE VERBREED

Met die Taaibosch-Korannas se terugkeer na Mamusa was daar rondtrekkende boere in die omgewing van Mamusa. Die jagter Carl Bezuidenhout het byvoorbeeld so vroeg as 1836 al so ver wes as die Vaalrivier gevorder, en die rivier in die huidige Bloemhofdistrik oorgesteek.<sup>43</sup> Van grootskaalse blanke vestiging in die omstreke van Mamusa was daar egter nie sprake nie. Die situasie ten opsigte van grootskaalse blanke vestiging sou eers werklik gedurende die 1860s verander.<sup>44</sup>

Die ontdekking van diamante in die gebied tussen die Vaal- en Hartsrivier aan die einde van 1869 het verdere blanke dorpstigting in die hand gewerk. As direkte uityloeisel van die diamantstormloop is Kimberley gestig nadat diamante in 1871 daar ontdek is.<sup>45</sup>

Die ontdekking van diamante en die blanke dorpstigting het die Korannas van Mamusa in 'n nuwe ekonomiese wedloop geplaas. So was daar byvoorbeeld 'n groot vraag na brandhout in Kimberley. Die Korannas het bome afgekap en die hout daar verkoop.<sup>46</sup>

Verder is sout van die soutpan naby Bloemhof per wa met groot moeite na dorpe soos Kimberley, Potchefstroom en Bloemhof geneem, waar dit van die hand gesit is.<sup>47</sup> Daarteenoor het ook die blankes van Mamusa met die Korannas handel gedryf. Die professionele olifantjagter en handelaar,



William Finaughty, het byvoorbeeld gedurende 1878 'n winkel by Mamusa geopen waar hy winsgewend met die Korannas handel gedryf het. Hy het by geleenthed graan teen 10 sjielings<sup>48</sup> per sak by die Korannas gekoop en dit dan vir 4 pond en 5 sjielings per sak op die Kimberleyse mark verkoop.<sup>49</sup>

William Finaughty (Bron: W. Finaughty,  
The recollections of William Finaughty)

<sup>43</sup> L.F. Maingard, **Studies in Korana history, customs and language:** ..., pp. 124-125.

<sup>44</sup> F.A. van Jaarsveld, **Vaalrivier omstrede grenslyn**, p. 188.

<sup>45</sup> Reader's Digest, **Illustrated history of South Africa: The real story**, pp. 172-173.

<sup>46</sup> M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, pp. 19, 81.

<sup>47</sup> NAB, Argief van die Kommandant-generaal (KG), 616: Kommandant-generaal, Niekerksrust/Dawid Massouw Riet Taaibosch, Mamusa, 26.11.1885, p. 55.

<sup>48</sup> Die geldeenheid wat tot in 1961 gebruik is was pond/sjielings/pennies. Met desimalisasie was die waarde naastenby soos volg: 1 pond = R2, 1 sjieling = 10c, 1 pennie = 1c; M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 28.

<sup>49</sup> A.B. Delport, **Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal, 1885**, pp. 42 en 44.

William Finaughty was egter glad nie gewild onder die blanke boere van die omgewing nie omdat hy hom met wapensmokkelary met onder andere die Korannas besig gehou het. Dit was dan ook as gevolg van die druk wat hulle in verband met hierdie onwettige bedrywighede op hom uitgeoefen het dat hy Mamusa gedurende 1881 verlaat het.

Hy was egter nie die enigste wat hom aan wapensmokkelary skuldig gemaak het nie. Die handelsfirma W.M. Wiesing het in die vroeë 1880s 'n winkel by Mamusa gehad. Finaughty en Wiesing sou 'n groot rol speel om die blanke vrywilligers vir die stryd tussen die Korannas en Thlaping te bewapen.<sup>50</sup>

### 1.9 KONFLIK RAKENDE GRENSAFBAKENINGS

Nadat die ZAR gedurende 1877 deur Brittanje geannekseer is, het die Eerste Vryheidsoorlog in Desember 1880 uitgebreek. Met die Pretoriase Konvensie van 3 Augustus 1881 tussen Brittanje en die ZAR, is laasgenoemde se selfbestuur na die oorlog weer teruggegee.<sup>51</sup>

Met hierdie Konvensie is die wesgrens van die ZAR tot by die Hartsrivier verskuif.<sup>52</sup> Hierdie grenslyn het die Korannagrond by Mamusa in twee gedeel. Terwyl Mamusa aan die westelike oewer van die Hartsrivier nie deel van die ZAR was nie, was van die Korannaweiveld in ZAR-grondgebied.<sup>53</sup> Dit is te begryp dat Kaptein Dawid Massouw Riet Taaibosch glad nie tevrede was met die grensafbakening nie. So is die Korannas van Mamusa onwillig midde-in die stryd om grondbesit tussen die ZAR en Brittanje geplaas.

Luitenant-kolonel C.J. Moysey het die onbenydenswaardige taak gehad om die grensafbakening te doen. Op 12 Oktober 1881 het hy Mamusa besoek om die Koranna-kaptein amptelik van die nuwe grenslyn in kennis te stel. Moysey is duidelik deur die Korannas laat verstaan dat hulle nie die grens aanvaar nie, en dat die bakens vernietig sal word. Om die Britte te wys dat hy ernstig was, het Kaptein Dawid Massouw die volgende dag met sowat 80 gewapende man by Moysey se kamp opgedaag en hom gedwing om die gebied te verlaat.<sup>54</sup>

<sup>50</sup> W. Finaughty, *The recollections of William Finaughty*, p. 236.

<sup>51</sup> C.F.J. Muller (red.), *500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p. 280.

<sup>52</sup> F.A. van Jaarsveld, *Vaalrivier omstrede grenslyn*, p. 246.

<sup>53</sup> NAB, British Parliamentary Papers (BPP), C 3381-1882: Further correspondence respecting the affairs of the Transvaal and adjacent territories, pp. 50 en 78-79.

<sup>54</sup> A.B. Delport, *Die Koranna-oorlog in Wes-Transvaal...*, pp. 12-13.